

Bely en wees bly!

Skrifgedeelte: Psalm 32:1-11 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 32:5

Ons bely so maklik ons skuld. Gewoonlik rammel ons dit sommer so aan die einde van ons gebede af met: "Vergeef ons al ons skulde, in Jesus Naam. Amen."

In die eerste vyf verse van Psalm 32 leer ons veral drie belangrike waarhede oor skuldvergifnis (skuldvergewing):

- Ons moet nie ons sondes "bedek" nie, en ons moet dit sonder "bedrog" bely. Ek moet voor God my sonde op die naam noem, en dit moet 'n opregte berou in my wakker maak. Ek het nog nie my skuld bely as dit my nog nie in die hart gegryp het en ek dit as misdade teen God sien nie.
- Sondebelydenis herstel my verhouding met God, daarom moet dit my verander. Waar die sonde my eers "uitgeteer" het, "swaar op my" was, word ek "welgeluksalig". Ek verander na die gelukkigste mens wat daar kan wees. Dit beteken om daagliks deur die krag van die Gees

meer en meer soos Christus te word.

- Sondevergifnis beteken om uit die ewige dood geruk te word, en in die plek daarvan ontvang ek die lewe tot in ewigheid, die lewe saam met God en Christus. My vreugde word groter en groter wanneer ek in my hart besef hoeveel God my in Christus skenk.

Waar my sonde in Christus vergewe is, daar is ek "welgeluksalig". Ek is die gelukkigste mens wat daar kan wees. Daarom, bely jou sondeskuld by die kruis en wees bly!



Publikasie
Publication



Nr./No.: P02